# DIE OORSPRONG VAN DIE IDEAAL OM 'N MONUMENT TER ERE VAN DIE VOORTREKKERS OP TE RIG

**P.J.J. Prinsloo**
*Vaaldriehoekkampus*
*P.U. vir C.H.O.*
*Posbus 1174*
*1900 Vanderbijlpark*

**The origin of the ideal to establish a monument in honour of the Voortrekkers**

The ideal of constructing a monument in honour of the Voortrekkers originated in Natal. This ideal was pursued in a sporadic way by various Monument Committees from 1866. These committees operated in an unco-ordinated and unilateral way to gain financial support. The endeavour to build this majestic monument in honour of the Voortrekkers was at risk because of the divergent attempts of the various committees.

This article focuses on the aims of the various committees, the efforts towards their co-ordination and the circumstances which led to their amalgamation. These co-ordinating attempts were aimed at reaching greater unanimity on the monument idea. The Voortrekker Museum Committee in Pietermaritzburg played a leading role in this respect.

Die oorsprong van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, moet in Natal gesoek word. Hierdie ideaal is sedert 1866 op 'n sporadiese wyse deur verskeie Voortrekkermonumentekomitees nagestreef. Elkeen van die komitees het op 'n ongekoördineerde wyse gefunksioneer en eensydige beroepe om finansiële steun gedoen. Die uiteenlopende werksaamhede het die gevaar ingehou dat die strewe om 'n grootse monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, geskaad kon word.

Die artikel fokus op die doelwitte van die verskillende komitees, die koördineringspogings wat daarop gemik was om groter eenstemmigheid ten opsigte van die monumentideaal te verkry, en die omstandighede wat tot hul amalgamering gelei het. In hierdie opsig het die Voortrekkermuseumkomitee in Pietermaritzburg 'n leidende rol gespeel.

## 1. Inleiding

In die nuwe Suid-Afrika staan die handhawing van volkseie kultuurpatrone en die bewaring van kultuurbakens opnuut in die kollig. Die Voortrekkermonument in Pretoria is só 'n kultuurbaken wat na 'n beplanningsfase van bykans 83 jaar in 1949 ingewy is.

Die artikel fokus op die grondslag van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig en die samesnoering van die verskillende monumentekomitees wat die ideaal nagestreef het. In die beslaggewingfase van die monumentideaal het monumentekomitees in Natal 'n deurslaggewende rol gespeel. Die realisering van die

Voortrekkermonument berus in der waarheid op die suksesvolle koördinering van talle monumentekomitees in 'n Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK). Die aanloop tot die stigting van die SVK word derhalwe in die artikel aan die orde gestel.

Die aktualiteit van die artikel is daarin geleë dat die bestaande literatuur die indruk skep dat die SVK byna oornag tot stand gekom het.[1] In die bestaande gepubliseerde literatuur word die beslaggewingfase van die monumentideaal ook nie uit 'n Natalse perspektief toegelig nie.[2]

Die tydperk wat in hierdie artikel ter sprake is, strek breedweg vanaf 1866 tot 1931. Sedert die sporadiese pogings van monumentekomitees in Natal vanaf 1866 tot en met die stigting van die SVK in 1931, lê egter 'n leeftyd van onvermoeide arbeid op die Afrikaner se kultuurterrein. In dié tydperk is die ontluikende Afrikanernasionalisme in 'n bepaalde ideologiese denkraamwerk gevorm, wat ook as agtergrond vir die monumentideaal gesien moet word.[3]

## 2. Die dryfvere wat Afrikanernasionalisme in die tydperk 1866 tot 1931 bevorder het

Die oorsprong van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig, moet teen die agtergrond van die ontwaking van Afrikanernasionalisme gesien word, wat in die onderhawige tydperk plaasgevind het.[4] Die doel van die ontwakingsproses was om volksgenote te mobiliseer om aktief vir hul regte op verskeie lewensterreine te stry. Hierdie mobiliseringsproses is in verskeie fases gedurende die tydperk voltrek, wat breedweg soos volg ingedeel kan word: 'n fase van weerstand wat teen 1902 ten einde geloop het; 'n fase van besinning wat teen 1910 ten einde geloop het; 'n fase van organisasie- en kapasiteitsbou wat teen 1931 op dreef was.[5]

Gedurende die fases is die opkoms van Afrikanernasionalisme deur 'n gemeenskaplike taal, godsdiens, Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, geskiedenis, etnisiteit, kultuur en identiteit, gebind.[6]

Afrikanerleiersfigure soos politici, onderwysers, predikante, skrywers, joernaliste en digters het dié kerneienskappe benut om die Afrikaner se selfbewussyn te ontwikkel.[7] 'n Georganiseerde stryd vir die behoud en ontwikkeling van die Afrikaner se geestelike goedere is gevolglik van stapel gestuur. Dit het uiting gevind in die kerklike en geestelike ywer vir die opheffing van die Afrikaner, die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), die oprigting van Christelik-nasionale onderwysskole (CNO-skole), die stigting van

---

O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1970), pp. 2-5; P. Blokland, "Die Voortrekkermonument: simbool van sy tyd", *Lantern* 37(4), Oktober 1988, p. 59.

2. P.J.J. Prinsloo, *E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal* (ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1987), pp. 356-379.

E. Delmont, "The Voortrekker Monument: monolith to myth", *South African Historical Journal*, 29, November 1993, pp. 77-100.

4. Vir 'n vollediger uiteensetting van hierdie onderwerp kan P.J.J. Prinsloo, *E.G. Jansen se rol in belang van die Afrikaners in Natal*, pp. 186 e.vv. geraadpleeg word; G.S. Nienaber, *Die Afrikaanse beweging, deel 1: geskiedkundige oorsig* (Pretoria, 1931), p. 124; kyk ook *De Afrikaner*, 7.12.1905.

5. T.B. Floyd, *Afrikaner-nasionalisme* (Pretoria, 1975), pp. 42-63; W.H. Vatcher, *White laager: the rise of Afrikaner nationalism* (London, 1965), pp. 33-57.

T.B. Floyd, *Afrikaner-nasionalisme*, p. 45; W.H. Vatcher, *White laager: the rise of Afrikaner nationalism*, p. ix.

7. G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal* (Pretoria, 1933), p. 121; G. Besselaar, *Sestig jaar belewenis van Dietse kultuur* (Pretoria, 1941), p. 53.

die Helpmekaarbeweging, die geskrifte en pennevrugte van skrywers, redakteurs en digters, 'n aktiewe veldtog deur die voorstanders van Afrikaans, om dit nie slegs as spreektaal nie, maar ook as skryftaal te vestig, die stigting van verenigings en organisasies, soos debatsverenigings, Christelike Jongeliedeverenigings (CJV), toneelgeselskappe, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Waaksaamheidskomitees, die Organisasie van Hollandse en Afrikaanse Taalvriende, die Saamwerk-Unie van Natalse Vereniginge, die Afrikaner-Broederbond (AB), en die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK).[8]

Dit is deur 'n opeenvolgende ontwikkelingsproses voltrek. Die eerste terrein waar die Afrikaner se eie aard op georganiseerde wyse ontwikkel het, was die onderwysgebied. Die politiek en die staatkunde was die tweede terrein waarop die Afrikaner hom toegespits het. 'n Derde terrein het om die sogenaamde taalstryd gewentel. Die ekonomiese mobilisasie was 'n verdere terrein waarop gefokus is.[9] T.D. Moodie het die ontwikkelingsproses, wat naas die Bybel en die Afrikaners se Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as rigsnoer vir die stryd gedien het, as 'n burgerlike godsdiens beskryf.[10]

Die ontwikkeling het gevolglik 'n kulturele ontwaking tot gevolg gehad, wat onder meer Afrikaanssprekende gemeenskappe gemobiliseer het om monumente as kultuurbakens op te rig.

## 3. Die kiemgedagte van die monumentideaal

Die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk van Natal het 'n besondere rol vervul om Afrikaners aan te moedig om Wendag of Geloftedag te herdenk.[11] In 1864 het die Natalse Sinode van die NG Kerk die voortou geneem met 'n besluit om 16 Desember as feesdag te vier.[12] Dit was waarskynlik die rede waarom die dag, gedurende dié jare, die getrouste in Natal in herinnering geroep is.[13]

Hierdie tradisie het tot gevolg gehad dat monumentekomitees die Bloedrivierterrein as 'n sterk aanspraakmaker beskou het waar 'n monument ter ere van die Voortrekkers opgerig kon word. Die eerste pogings om 'n Voortrekkergedenkteken op te rig, is inderdaad op hierdie terrein geloods. Tydens 'n Geloftefees in 1866 te Bloedrivier was ds. F. Lion-Cachet van Utrecht die prediker. Hy het die feesgangers aangemoedig om die Bloedriviersage in een of ander waarneembare vorm in blywende herinnering te roep. Die feesgangers het gevolglik 'n klipstapel as 'n sigbare herinnering aan die Bloedrivierslag, 28 jaar tevore, gepak.

Tydens die daaropvolgende jaar se Geloftefees te Bloedrivier, wat weer deur ds. Lion-Cachet waargeneem is, het die feesgangers weer 'n klipstapel gepak. Op versoek van Lion-Cachet het ouderling J.W. de Jager die grond waarop die vegterrein geleë is, aan die NG

---

8. Vgl. G.S. Nienaber, *Honderd jaar Hollands in Natal*, p. 121; J. Kruger, *Kultuur in die Republiek* (Johannesburg, 1960), p. 31.
9. J.C. Steyn, *Trouwe Afrikaners: aspekte van Afrikanernasionalisme en Suid-Afrikaanse taalpolitiek 1875-1938* (Kaapstad, 1987), pp. 28-57.
10. T.D. Moodie, *The rise of Afrikanerdom: power, apartheid, and the Afrikaner civil religion* (London, 1975), p. 11.
11. P.H. Kapp, "Ons Volksfeeste", in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur, deel 3: Ons volksfeeste* (Kaapstad, 1975), p. 46; *De Afrikaner*, 24.12.1918; *Die Afrikaner*, 14.12.1920.
12. *Die Afrikaner*, 4.10.1921.
13. Vgl. *Die Afrikaner*, 14.12.1920.

gemeente van Utrecht geskenk.[14] Jare later is nog 'n klipstapel gepak. Die Transvalers het in 1880 tydens 'n Geloftefees te Paardekraal ook 'n klipstapel as vernuwing van die Gelofte van 1838 gepak.[15]

Die vyftigjarige herdenkingsfees van die Bloedrivierslag het in 1888 op die vegterrein plaasgevind. Die aanwesiges, wat onder meer persone soos Paul Kruger, Piet Joubert en sewe deelnemers van die Bloedrivierslag ingesluit het, het besluit om 'n Bloedriviermonument op te rig. 'n Komitee wat persone uit alle dele van die land ingesluit het, is ook verkies. Genl. Piet Joubert is as die voorsitter en ds. H.C. Neethling van Utrecht as sekretaris verkies. Die tussenkoms van die Anglo-Boereoorlog het dié poging egter verydel. Niemand kon later verslag doen oor die geld wat vir die doel ingesamel is nie.[16]

Tydens 'n 1891-fees, wat die Transvaalse onafhanklikheid herdenk het, is 'n monument deur pres. Paul Kruger op Paardekraal onthul. Die monument moes ook as simbool van die 1838-Gelofte dien.

Vier jaar later is nog 'n hoeksteen vir 'n monument onthul. Op 16 Desember 1895 het Piet Joubert die hoeksteenlegging van die Bloukransmonument waargeneem.[17] Hy het die feesgangers aangemoedig om 'n nasionale Voortrekkermonument op te rig.[18] C.J. Langenhoven het daarom tydens die fees 'n fondsinsamelingspoging begin om bydraes vir 'n Voortrekkermonument in te samel.[19] Die taak is later deur G. van Rooyen, 'n Nataller, voortgesit.[20]

Op 19 Desember 1908 is 'n Voortrekkerkerkkommissie op Pietermaritzburg verkies om die Geloftekerkie as volksbesit terug te koop en te restoureer. Die komitee het in 'n landwye kennisgewing onder meer verklaar dat hulle beoog om later 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers by die kerkie op te rig. Hulle het ook beoog om muurpanele in die kerk aan te bring, waarop die name van al die Voortrekkers moes voorkom.[21]

## 4. Die bevordering van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkerleiers op te rig

Die bogenoemde Voortrekkerkerkkommissie in Pietermaritzburg wou te midde van ander

---

14. P.H. Kapp, "Ons Volksfeeste", in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur, deel 3: Ons volksfeeste*, p. 48; O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, p. 256; M.J. Swart, *Geloftedag* (Pretoria, 1961), p. 18; J.A. Smit, *Naar Bloedrivier en Paardekraal* (Kaapstad, s.j.), p. 90.

P.H. Kapp, "Ons Volksfeeste", in P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur, deel 3: Ons volksfeeste*, p. 51; M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 22.

16. M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 31; *Die Volksblad*, 19.11.1935; *De Afrikaner*, 27.08.1908; vgl. ook F.A. Steytler, "'n Voortrekkermonument te Pretoria: voorstel van pres. Kruger op 16 Desember 1888", *Historia* 3(1), 1958, p. 6.

17. M.J. Swart, *Geloftedag*, p. 33; O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde: die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee* (Johannesburg, 1975), p. 260.

18. P. Blokland, "Die Voortrekkermonument: simbool van sy tyd", *Lantern* 37(4), Oktober 1988, p. 59.

19. Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Stolz - Basson, 14.10.1930.

20. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 3: Notule Voortrekkerkerkkomitee, 31.9.1909.

21. Nederduitse Gereformeerde Kerk Natal Argief, Pietermaritzburg, Notule kerkraadsvergadering, 19.12.1908; INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 301: Kennisgewing Voortrekkerkerkkomitee, 1.6.1909.

sporadiese fondsinsamelingspogings, twee belangrike aspekte rakende die monument ter ere van die Voortrekkerleiers gevestig kry. Enersyds wou hulle 'n gesaghebbende komitee vestig wat die oprigting van 'n monument vir die Voortrekkerleiers nagestreef het, en wat landwyd erkenning geniet. Andersyds moes hulle die regering oortuig dat die oprigtingskoste van die beoogde monument deel van 'n oorspronklike ooreenkoms was, waarvolgens die Geloftekerkie aan die regering oorgedra is.

Wat die eersgenoemde aspek betref het die komitee reeds in 1909 aan J. Hershensohnn opdrag gegee om die geld wat sedert 1895 deur Langenhoven en Van Rooyen vir 'n monument ter ere van Piet Retief ingesamel is, op te spoor.[22] Hershensohnn kon die opdrag nie uitvoer nie. Langenhoven het inmiddels in Maart 1913 'n landwye beroep op Afrikaners gedoen om bydraes vir 'n nasionale fonds aan hom te stuur, ten einde 'n monument vir Retief en sy makkers in Dingaanstat op te rig.[23]

In die lig van hierdie oproep van Langenhoven het die Voortrekkerkerkkommissie op 3 Oktober 1913 die saak van 'n monument ter ere van Retief en ander Voortrekkerleiers opnuut aan die orde gestel. Die komitee het besluit om die batige saldo van hul fonds vir die oprigting van 'n gedenkteken voor die museum te gebruik. Hulle het adv. E.G. Jansen ook opdrag gegee om met vooraanstaande Pietermaritzburgers te onderhandel met die doel om 'n vergadering byeen te roep, waarop die doelwit bespreek kon word.[24]

Op 14 Oktober het 'n openbare vergadering 'n komitee bestaande uit Afrikaans- en Engelssprekendes met G.T. Plowman, wat deur die Natalse Administrateur afgevaardig is, as voorsitter verkies. Die komitee het die eerste stappe in verband met die realisering van die beoogde ideaal geneem. Hulle was van mening dat daar eers definitief vasgestel moes word wat die regering se finansiële steun vir so 'n monument sou wees, alvorens die publiek vir bydraes genader kon word. Vir die doel is 'n subkomitee gekies wat uit sir Thomas Hyslop, kol. Wales, adv. R.J. Harrison, ds. G.M. Pellissier en E.G. Jansen bestaan het.

Jansen het tydens die vergadering die dringendheid van die saak beklemtoon, omdat Langenhoven hom ook aktief vir so 'n gedenkteken beywer het. Hy het ook voorsien dat na die onthulling van die nasionale Vrouemonument op 16 Desember 1913, verdere pogings aangewend sou word om regeringsteun vir die oprigting van dergelike gedenktekens te verkry.[25]

Die komiteelede het hulle daarom beywer om regeringsamptenare te oortuig dat die oprigting van die monument deel van 'n oorspronklike ooreenkoms tussen hulle en die staat was. Die rede hiervoor was dat die komitee in die korrespondensie, wat die formele oorhandiging van die Geloftekerk aan die regering in 1912 voorafgegaan het, die voorwaarde gestel het dat 'n monument ter ere van Piet Retief en ander Voortrekkerleiers langs die kerkgebou opgerig moes word. Die komitee was daarom van mening dat die regering met die sluiting van die ooreenkoms die medeverantwoordelikheid aanvaar het om die beoogde monument op 'n £-vir-£-basis op te rig.[26]

In hierdie artikel is bepaal dat, "a marble or other monument shall be erected in honour of Piet Retief and other Voortrekker leaders who died in Natal, as well as Andries

22. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 3: Notule Voortrekkerkerkkomitee, 31.9.1909.
23. *The Vryheid Herald*, 28.3.1913.
24. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Notule Voortrekkermuseumkomitee, 3.10.1913.
25. *De Afrikaner*, 16.10.1913.
26. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 8: Transportakte, s.j.; Band 3: Brief Shaw - Jansen, 27.2.1912; *De Afrikaner*, 14.5.1912; INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Brief Hershensohnn - Jansen, 19.2.1925.

Pretorius at a spot on the property to be pointed out or approved of by the Committee and for this purpose the members of the Committee bind themselves to do their best to collect at least half of the necessary funds".[27]

Die komitee het in die lig van hierdie bepaling herhaaldelik vertoë tot die regering gerig om hul projek op 'n £-vir-£-basis finansieel te ondersteun. Die komitee het die regering daarop gewys dat genl. L. Botha op Potchefstroom 'n monument ter ere van Marthinus Pretorius onthul het, waarvan die regering alle koste gedra het. Jansen was van mening dat die regeringshulp ook in Pietermaritzburg van toepassing gemaak kon word.[28] Na herhaalde versoeke[29] het die Departement van Binnelandse Sake negatief oor die befondsing van die beoogde monument gereageer.[30]

Weens bogenoemde reaksie van die regering is besluit om die saak tot die volgende jaar uit te stel, maar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog is die projek verder vertraag.[31]

Terwyl die Pietermaritzburgers se monumentideaal uit die openbare oog verdwyn het, het Langenhoven en ander yweraars in Utrecht en Babanango, wat hulle ook vir 'n Piet Retief- of Voortrekkermonument beywer het, hul saak voortdurend in die pers gereklameer.[32]

Dit was Ben Vorster, 'n kultuurstryder in Pietermaritzburg, wat die openbare aandag weer eens op die monumentideaal van die plaaslike Voortrekkermuseumkomitee, dit was die voormalige Voortrekkerkerkkommissie, gevestig het. Te midde van die hernude belangstelling om 'n gedenkteken op die verwaarloosde graf van Retief en sy makkers op te rig, was hy van mening dat die geskikste plek vir 'n monument vir die Voortrekkerleiers langs die Geloftekerkie sou wees. Dr. J. Vrolik, die redakteur van *De Afrikaner*, het Vorster ondersteun en die hoop uitgespreek dat duisende Afrikaners hul bydraes voortaan vir die Pietermaritzburgse fonds sou stuur.[33]

In 'n verdere poging om die publiek se aandag op die Pietermaritzburgse monumentideaal te fokus, is Hershensohnn aangemoedig om weer die korrespondensie sedert 1912 tussen die Voortrekkermuseumkomitee en die regering betreffende die Piet Retiefmonument te publiseer. Die geskarrel oor die saak en die feit dat daar tydens die 1916-Geloftefees te Paardekraal diskussies oor die saak sou plaasvind, was byvoorbeeld vir Jansen 'n bewys dat die mense vergeet het dat daar reeds jare tevore 'n komitee vir dié doel gevorm is. Vir hom het stilswye van die Pietermaritzburgse komitee beteken dat hulle planne in die wiele gery kon word. Volgens Jansen kon hulle planne bevorder word indien die publiek bewus sou wees van die komitee se vroeëre optrede en die feit dat daar reeds op die plasing van die monument langs die Geloftekerkie besluit is.[34]

Ses dae later het die Voortrekkermuseumkomitee weer 'n landwye oproep uitgestuur. Dit het die geskiedenis van die beweging om 'n monument vir Piet Retief en ander

---

27. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, 23.10.1913.
28. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, 23.10.1913.
29. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Jansen - Minister van Binnelandse Sake, Maart 1914; Band 4: brief Jansen - Orr, Maart 1914.
30. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Shaw - Jansen, 30.3.1914.
31. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Oproep Voortrekkermuseumkomitee, 8.12.1916; *De Afrikaner*, 11.6.1918.
32. *De Afrikaner*, 26.5.1914; 29.1.1915; 13.10.1916; 20.10.1916; 24.10.1916.
33. *De Afrikaner*, 24.10.1916.
34. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 291: Brief Jansen - Hershensohnn, 2.12.1916.

Voortrekkerleiers op te rig, kortliks uiteengesit. Die komitee het aan die hand gedoen dat die "feestvieringen te Paardekraal, Senekal en elders op 16 dezer een goede gelegenheid zal wezen voor bijdragen welke wij hopen dat daar het publiek aan leraars of andere verantwoordelike ... personen overhandig zullen worden met opdracht het geld aan de Voorzitter van het Komitee te Pietermaritzburg te bezorgen".[35]

Genl. L. Botha het inderdaad op 16 Desember 1916 te Paardekraal 'n Piet Retiefmonumentfonds gestig met die doel om £10 000 vir 'n Voortrekkermonument in te samel.[36] Die onrustigheid in die geledere van die Voortrekkermuseumkomitee jeens die pasgestigte Paardekraalkomitee word in die woorde van Hershensohnn aan Gustav Preller weerspieël. Hy het gevra of die geld wat die Paardekraalkomitee gekollekteer het, vir die Voortrekkermuseumkomitee se doeleindes bedoel was.[37] Die wekroep van Hershensohnn was die eerste formele amalgameringspoging wat uit Natal geloods is, met die hoop om die verskillende fondsinsamelingspogings te koördineer.

Die Paardekraalfonds is egter later vir ander doeleindes aangewend. Volgens Preller is iets oor die £2 000 ingesamel. Drie jaar later met genl. Botha se afsterwe, het genl. J.C. Smuts die voorsitter van die fonds geword. In 1920 is £500 aan die Soutpansberge Voortrekkermonument afgestaan.[38] Smuts het ook £600 vir 'n monument by Dingaanstat geskenk en £100 is aan 'n monument ter ere van Retief se dogter bewillig.[39]

'n Monumentekomitee wat in Babanango gesetel was, het hulle intussen beywer om 'n gedenkteken op Retief se graf op te rig. Die komitee het onder voorsitterskap van L. de Jager gestaan en het 'n uitgebreide fondsinsamelingveldtog geloods en 'n gedenkteken van £1 300 vir die doel laat ontwerp.[40] Jansen, die volksraadslid vir Vryheid, was ook by die poging betrokke.[41]

Hierdie aktiewe komitee het besluit om die gedenkteken op te rig, ten spyte van die feit dat hulle nie alle koste kon delg nie. As gevolg van die gevaar van perdesiekte in die gebied is besluit om die monument gedurende die winter,[42] op Saterdag 8 Julie 1922, te onthul.[43]

Die onthullingsfees is deur nagenoeg 900 feesgangers bygewoon.[44] Tydens die fees het oud-president Reitz gesê dat hy sou help om die £700 wat nog deur De Jager en P. Meyer op die gedenkteken geskuld is, in te samel.[45] Reitz het inderdaad by die Paardekraalfonds om hulp aangeklop,[46] maar dr. Engelenburg was van mening dat hulle nie veel simpatie met

---

35. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Oproep Voortrekkermuseumkomitee, 8.12.1916; *De Afrikaner*, 12.12.1916.
36. *De Afrikaner*, 19.12.1916; 20.4.1917.
37. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Brief Hershensohnn - Preller, 8.2.1917; *De Afrikaner*, 19.12.1916.
38. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Stolz - Basson, 14.10.1930.
39. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 325: Brief Preller - Scheepers, 14.10.1932; *Die Afrikaner*, 21.5.1926.
40. *Die Afrikaner*, 29.10.1920; 2.11.1920; 24.12.1920; 1.4.1921; 22.7.1921; 23.8.1921; 30.8.1921; 25.9.1921.
41. *Die Afrikaner*, 25.10.1921; 14.4.1922; 28.4.1922.
42. Vgl. *Die Afrikaner*, 25.10.1921; 11.7.1922.
43. Vgl. *Die Afrikaner*, 7.7.1922.
44. *Die Afrikaner*, 4.7.1922; 14.7.1922; 18.7.1922.
45. *Die Afrikaner*, 14.7.1922.
46. Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, Engelenburgversameling, Band 3, Lêer 11: Brief Reitz - Rissik, 19.7.1922; Band 3, Lêer 11: Brief Reitz - Preller, 19.7.1922; Band 3, Lêer 11: Brief Reitz - Preller, 19.8.1922.

die uitstaande bedrag gehad het nie, omdat hulle nie vooraf in die saak geken is nie.[47] Die fonds het wel later £600 vir die doel geskenk.[48]

In die woorde van dr. H. Viljoen, die redakteur van *De Afrikaner*, het die Afrikaners deur hierdie monument 'n ereskuld aan die Voortrekkers betaal.[49]

Intussen het mev. M. Jansen, as voorsitster van die Vroue Nasionale Party van Natal, ook 'n fondsinsamelingsveldtog in Natal geloods om geld vir 'n Piet Retiefmonument in Pietermaritzburg in te samel. Sy het die vroue Nasionaliste aangespoor om in elke tak 'n komitee te kies wat geld vir die monument moes byeenbring.[50] In 'n persvrystelling het sy ook 'n beroep op persone buite Natal gedoen om bydraes aan haar te stuur.[51] Onder haar ywerige hand het die fonds in 1928 reeds op £1 100 gestaan.[52] Sy het later alleenseggenskap oor die fonds gehad.[53]

In die geledere van die Saamwerk-Unie is ook van tyd tot tyd aandag aan 'n Piet Retiefmonument gegee, maar die realisering van die ideaal is in die hande van die Voortrekkermuseumkomitee van Pietermaritzburg gelaat.[54]

Uit hierdie uiteensetting is dit duidelik dat die ontluikende volksgevoel in Afrikanergeledere veroorsaak het dat verskeie monumentekomitees sedert 1866 op 'n ongekoördineerde wyse die publiek om bydraes genader het.

## 5. Pogings om die verskillende monumentekomitees te amalgameer

Mnr. J. Ferreira, die redakteur van *De Afrikaner*, het in Junie 1918 'n nuwe openbare debat oor die ongekoördineerde Voortrekkermonumentideaal van die verskillende monumentekomitees geloods. Hy was van mening dat Afrikaners in hierdie tydperk nog nie die waarde van monumente as kultuurbakens besef het nie. In Natal was daar vele monumente vir Engelssprekendes wat hul lewe in belang van die land opgeoffer het. Hierteenoor was daar min monumente vir Afrikaanssprekendes wat hul lewe in diens van die volk opgeoffer het. Hy het die hoop uitgespreek dat die sloerende Voortrekkermonumentideaal dalk nog iets sou oplewer wat hopelik aan almal se verwagtinge kon voldoen.

Hy het beskuldigend na al die bogenoemde komitees verwys en verklaar dat verbrokkeling van kragte die monumentideaal sou skaad. Hy het die hoop uitgespreek dat "die hele Suid-Afrika behoort saam te maak en een groot waardige monument op te rig naas die Voortrekkers Kerkie te Pietermaritzburg".[55]

In die daaropvolgende uitgawe van *De Afrikaner* het hy sy pleidooi vir 'n monument langs die Geloftekerkie voortgesit. Hy het gepleit dat die beoogde monument in die

---

47. TAB, Pretoria, Engelenburgversameling, Band 3, Lêer 11: Brief Engelenburg - Reitz, 30.8.1922.
48. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 325: Brief Preller - Scheepers, 14.10.1932; *Die Afrikaner*, 21.5.1926.
49. *Die Afrikaner*, 4.7.1922.
50. INEG, Bloemfontein, M.M. Jansenversameling, Lêer 79: Notule derde kongressitting van die Nasionale Vroue Party van Natal, 18-19.10.1926.
51. *Die Afrikaner*, 8.10.1926.
52. INEG, Bloemfontein, Saamwerk-Unieversameling, Lêer 1/2/2/2/1: Notule kongressitting, 17-19.5.1928; *Die Afrikaner*, 22.10.1926; 19.11.1926; 22.5.1928.
53. Vgl. INEG, Bloemfontein, Natalse Nasionale Partyversameling, Lêer 1/3/2/2/1/3: Notule kongressitting, 15.10.1930.
54. INEG, Bloemfontein, Saamwerk-Unieversameling, Lêer 1/4/2/1/2: Notule Hoofbestuursvergadering, 14.9.1929; Lêer 1/2/2/2/1: Notule Hoofbestuursvergadering, 15.2.1930; Lêer 1/2/2/2/1: Notule kongressitting, 24-26.3.1932.
55. *De Afrikaner*, 7.6.1918.

Voortrekkerstad opgerig moes word, sodat dit binne bereik van 'n groot groep mense sou wees wat daagliks daardeur geïnspireer kon word. Dié sentrale ligging van die beoogde Voortrekkermonument voor die Geloftekerkie was daarom volgens Ferreira 'n beter keuse as die Bloedrivierterrein of Dingaanstat wat verafgeleë en geïsoleer was.

Hy het ook sy standpunt oor samewerking tussen die verskillende komitees 'n stap verder gevoer. Hy het gevra of die verskillende komitees nie mekaar kon ontmoet nie. Daar moes volgens hom samewerking bewerkstellig word voordat die verskillende komitees mekaar teëwerk.[56] Slegs twee korrespondente, met uiteenlopende standpunte oor die monumentsaak, het hierop gereageer.[57]

Die pleidooi van Ferreira het na verloop van sowat sewe jaar 'n nuwe wending geneem. Die Pietermaritzburgse komitee het hulle ideaal om 'n Retiefmonument op te rig, opnuut aangepak. Jansen en Hershensohnn het op 4 Februarie 1925 'n onderhoud met dr. D.F. Malan, die Minister van Binnelandse Sake, oor die moontlike transportering van die Voortrekkermuseum en die oprigting van 'n gedenkteken, gevoer. Malan se standpunt oor die moontlikheid van regeringshulp vir 'n gedenkteken vir Voortrekkerleiers het daarop neergekom dat die Pietermaritzburgse komitee die samewerking van alle liggame moes verkry, wat vir 'n soortgelyke doel gewerk het. Indien daar groter eensgesindheid dwarsdeur die land oor die monumentideaal bestaan het, sou daar volgens dr. Malan 'n groter aanspraak op regeringshulp gemaak kon word.[58]

In die beplanningsfase van die Voortrekkermonumentideaal het hierdie voorstelle van Malan 'n nuwe ontwikkeling ingelui. Hoewel dit nie die eerste amalgameringsvoorstel van monumentekomitees is wat gemaak is nie, het hierdie poging die grondslag vir die stigting van die SVK in 1931 gelê. Jansen het hiermee 'n aktiewe amalgameringspoging van stapel gestuur, wat hom uiteindelik as die voorsitter van die SVK sou vestig.

Na aanleiding van die bogenoemde onderhoud met Malan het Jansen met Gustav Preller, die sekretaris van die Paardekraalkomitee, geskakel. Die rede hiervoor was dat die twee komitees vir monumente van dieselfde aard geld ingesamel het, maar beoog het om dit op verskillende plekke op te rig. Jansen was van mening dat die twee komitees mekaar nie in die wiele moes ry nie, maar eerder moes saamwerk, omdat die oprigting van so 'n monument 'n nasionale saak behoort te wees. Hy was oortuig dat indien die samewerking van die hele land verkry kon word, die regering geredeliker vir so 'n monument sou bydra.[59]

Ten einde doelmatiger gestalte aan die monumentideaal te gee, het die Voortrekkermuseumkomitee in Desember 1929 besluit om 'n verteenwoordigende provinsiale komitee in die lewe te roep. Die komitee moes daadwerklik poog om fondse, op 'n landwye grondslag, vir 'n Voortrekkermonument in te samel. Die komitee het op daardie tydstip oor 'n skrale £400 beskik en hulle mikpunt was om minstens £10 000 in te samel. Die komitee het ook nog steeds gehoop dat die £-vir-£-ooreenkoms met die regering gefinaliseer kon word.[60]

M. Basson het namens die komitee by Jansen kers opgesteek.[61] Jansen het die bogenoemde planne nie goedgekeur nie. Hy was van mening dat die

56. *De Afrikaner*, 11.6.1918.

57. *De Afrikaner*, 11.6.1918; 18.6.1918.

58. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Brief Jansen - Preller, 4.2.1926.

59. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 292: Brief Jansen - Preller, 4.2.1926.

60. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Notule Voortrekkermuseumkomitee, 13.12.1929.

61. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Basson - Jansen, 31.12.1929.

Voortrekkermuseumkomitee nie 'n provinsiale komitee moes stig nie, maar moes wag en sien in watter mate koördinasie met ander monumentekomitees verkry kon word. Volgens Jansen moes al die monumentekomitees in 'n landwye komitee verenig word.[62] Indien die Voortrekkermuseumkomitee 'n aansienlike som geld vir 'n monument ingesamel het, sou dit hulle bedingingsposisie met die regering ook verbeter het. Hy was verder van mening dat die land se finansiële toestand in daardie stadium nie gesond was nie en dat 'n versoek om finansiële steun vir 'n monument nog langer moes oorstaan.[63]

Intussen het nog 'n monumentekomitee, die Bloedriviermonumentkommissie, aan die werk gespring om 'n grootse monument op 16 Desember 1938 te onthul. L.J. Spies het, net soos die Voortrekkermuseumkomitee, Jansen se steun vir hul poging gevra.[64]

Jansen het Spies in dieselfde gees as vir Basson geantwoord. Hoewel hy saamgestem het dat daar 'n monument vir die Bloedrivierslag moes wees, was hy ook van mening dat daar 'n monument ter ere van die Voortrekkers opgerig moes word. Jansen het ook sy vereistes vir so 'n Voortrekkermonument gestel. Dit was dieselfde kriteria wat J. Ferreira in 1918 gestel het. Volgens Jansen moes die monument op 'n plek opgerig word waar dit daagliks in die openbare oog is en waaruit 'n groot getal mense daagliks inspirasie kon put; dit moes ook op 'n plek staan wat intiem aan die geskiedenis van die Voortrekkers verbonde is. Volgens hierdie kriteria was daar vir Jansen nie 'n geskikter plek as Pietermaritzburg nie. Jansen was van mening dat baie Afrikaners na iets groots by geleentheid van die 100-jarige gedenkfees van die Voortrekkers uitgesien het. Alle monumentbewegings het instemming van die volk verkry, omdat regsgesinde Afrikaners lank reeds die ideaal gekoester het om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig. Ongelukkig is die ideaal nog nooit volledig aan die publiek gemotiveer nie. Daarom het Jansen weer eens vir 'n koördinering van die verskillende monumentekomitees gepleit, sodat die kragte nie verbrokkel sou raak nie.[65] Hierdie amalgameringsmissie van Jansen het nie juis aanklank in Natal gevind nie. Die Voortrekkermuseumkomitee en die Bloedriviermonumentkommissie het Jansen se voorstelle vir koördinasie van monumentekomitees slegs in beginsel aanvaar. Die rede hiervoor was dat die komitees gevrees het dat hulle in 'n algehele amalgamasie van Voortrekkermonumentfondse hul onafhanklikheid en sodoende hul seggenskap op fondse sou verloor.[66]

Minister Jansen het in Augustus 1930 die Voortrekkermuseumkomitee ingelig oor die vordering wat hy met die amalgameringspoging behaal het. Hy het die komitee aangeraai om saam met die ander liggame vir een doel, naamlik 'n grootse monument op Pietermaritzburg, te ywer. Hy het voorgestel dat hulle navraag moes doen om vas te stel watter ander komitees in die land ook die doelwit nagestreef het. Die Voortrekkermuseumkomitee het besluit dat indien die amalgameringsidee by die ander komitees byval sou vind, Jansen 'n landwye vergadering moes oproep om so 'n skema te bespreek. Indien 'n ooreenkoms bereik kon word, moes dit tydens die 1931-Dingaansdagvierings bekendgemaak word.[67]

---

62. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Brief Jansen - Basson, 15.2.1930.
63. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Jansen - Basson, 29.3.1930.
64. TAB, Pretoria, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7: Brief Spies - Jansen, 6.1.1930; *Die Afrikaner*, 1.2.1929; 25.11.1930; *The Vryheid Herald*, 12.7.1929; *Die Vaderland*, 31.12.1929.
65. TAB, Pretoria, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7: Brief Jansen - Spies, 29.3.1930.
66. Voortrekkermuseum, Pretoria, Band 2: Notule Voortrekkermuseumkomitee, 14.4.1930; INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Basson - Jansen, 24.4.1930; TAB, Pretoria, Sentrale Volksmonumentekomiteeversameling, Band 7: Brief Spies - Basson, 13.10.1930.
67. Voortrekkermuseum, Pretoria, Band 2: Notule Voortrekkermuseumkomitee, 15.8.1930.

Jansen het met hierdie plan uiteindelik sy eertydse kultuurmakkers oortuig, want Basson het op 19 en 26 Augustus met landwye amalgameringsoproepe begin. Die samewerking van alle komitees en bewegings is gevra om met verenigde krag, "'n grootse volksvererende gedenkteken vir Piet Retief en die ander Voortrekkerleiers op Pietermaritzburg" op te rig.[68] Indien die gedagte byval sou vind, sou Jansen 'n amalgameringskonferensie van monumentekomitees byeenroep om 'n basis van samewerking te bespreek. Monumentekomitees moes reageer en verklaar of hulle bereid sou wees om 'n verteenwoordiger na so 'n amalgameringskonferensie te stuur.[69]

Basson het Jansen herinner dat hy 'n vry hand met die beoogde amalgameringskonferensie gehad het. Hy het herbevestig dat die Voortrekkermuseumkomitee dit met hom eens was om eers samewerking met ander monumentekomitees te verkry alvorens daar 'n beroep om fondse by die publiek gedoen sou word.[70]

Die Voortrekkermuseumkomitee het uiteenlopende reaksies op hul oproep ontvang. B.H.J. van Rensburg van die Nasionale Vrouemonumentkommissie het die plan verwelkom en verklaar dat hulle met die insameling van fondse sou meehelp.[71] Spies van die Bloedriviermonumentkommissie het een voorwaarde vir samewerking gestel. Daar moes nie 'n onderskeid in die finansiering van die monumente te Pietermaritzburg en Bloedrivier gemaak word nie.[72] A. Stolz, die medepenningmeester van die Paardekraalse komitee, het getwyfel of genl. Smuts (voorsitter) so 'n poging sou ondersteun.[73]

Jansen het ook intussen gevind dat daar reeds ander eenheidskeppende bewegings in die geledere van die monumentekomitees geïnisieer is. Dit was veral vir hom verblydend dat die FAK ook aandag aan die saak geskenk het. Hy het die Voortrekkermuseumkomitee gerus gestel dat hy hul ideale voortdurend op die voorgrond geplaas het.

Jansen het ook gevind dat daar persone in Pretoria was wat ook alle Voortrekkermonumentekomitees wou verenig. Sodoende kon geld vir 'n groot nasionale fonds ingesamel word waaruit alle monumente een vir een gefinansier kon word.[74] Die voorafgaande inisiatief van die plaaslike kultuurleiers is op hierdie tydstip aan die Afrikaner se landwye organisasies verbind.

Die amalgameringsmissie van Jansen het in 1931 tot 'n mylpaal in die Voortrekkermonumentideaal gelei. 'n Voorlopige Reëlingskomitee het in Februarie 1931 deur bemiddeling van die AB en onder beskerming van die FAK 'n landwye oproep aan monumentekomitees en belangstellendes gestuur. Die voorgestelde konferensie van monumentekomitees moes onder voorsitterskap van Jansen 'n basis vir samewerking verkry en 'n sentrale komitee in die lewe roep.[75] Op 4 April 1931 het die verskillende

---

68. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Oproep Basson, 19.8.1930; Band 4: Brief Basson - Waarde heer, 26.8.1930.
69. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Oproepe Basson, 19.8.1930; 26.8.1930.
70. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Basson - Jansen, 20.10.1930.
71. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Van Rensburg - Voortrekkermuseumkomitee, 6.10.1930.
72. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Spies - Voortrekkermuseumkomitee, 13.10.1930.
73. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Stolz - Voortrekkermuseumkomitee, 14.9.1930.
74. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 293: Brief Jansen - Basson, 18.11.1930.
75. Natalse Argief, Pietermaritzburg, Voortrekkermuseumstukke, Band 4: Oproep Volksmonumentekomitees en belangstellendes, s.j.; *Die Afrikaner*, 17.2.1931; 24.3.1931; vgl. ook A.N. Pelzer, *Die Afrikaner-Broederbond: eerste 50 jaar* (Kaapstad, 1979), p. 97.

monumentekomitees aan die SVK, bestaande uit nege lede, beslag gegee.[76] Die nuwe komitee het die hoop uitgespreek dat die volk hul ideaal sou ondersteun sodat 'n indrukwekkende monument opgerig kon word wat die Voortrekkers se nagedagtenis tot eer sou strek. Die werksaamhede van die SVK het uiteindelik tot die oprigting van die Voortrekkermonument te Pretoria en kleiner monumente te Bloedrivier, Pietermaritzburg en Winburg, gelei.[77]

## 6. Slotsom

Dit is duidelik dat die oorsprong van die ideaal om 'n monument ter ere van die Voortrekkers op te rig in Natal gesoek moet word. Die sporadiese beplanningspogings wat deur 'n groot getal monumentekomitees sedert 1866 geloods is, moes ook gekoördineer word. Jansen, 'n gebore Nataller, het die knoop deurgehaak en op so 'n wyse 'n noodsaaklike en tydige onderneming met die stigting van die SVK van stapel gestuur. Hierdeur is die Voortrekkermonumentideale van die Afrikaners in nasionale konteks geplaas.[78]

Die ontwikkeling het nie net die Natalse Afrikaner se kultuurhistoriese erfenis help verryk nie, maar ook 'n monument as kultuurbaken met 'n bepaalde ideologiese grondslag vir die Afrikaner gevestig. Die werksaamhede van die SVK het in der waarheid Afrikaner-nasionalisme as magsfaktor in die land help vestig.[79]

---

76. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 335: Notule stigtingskonferensie, 4.4.1931.
77. INEG, Bloemfontein, E.G. Jansenversameling, Lêer 335: SVK manifes, s.j.; O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, pp. 62-337.
78. Vgl. O.J.O. Ferreira, *Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee*, pp. 339-344.
79. E. Delmont, "The Voortrekker Monument: monolith to myth", *South African Historical Journal*, 29, November 1993, p. 77.